ATHENE EN BOOTVAART NA GRIEKSE EILANDE

16 – 27 Mei 2024

Mei

Do 16 JOHANNESBURG – DUBAI – ATHENE

Toerlede ontmoet op die **O.R. Tambo-lughawe** in **Johannesburg** vir vlug **EK 764** wat om **19:10** via **Dubai** na **Athene** vertrek. Sorg asseblief dat u reeds om 15:10 by **Emirates** se inweegtoonbanke is. **Kapenaars** vertrek om **18:20** met **EK 771** en moet om **14:20** op **Kaapstad Internasionale Lughawe wees.**

Vr 17 ATHENE

Johanneburgers land vanoggend om **05:25** en **Kapenaars** om **05:45** op **Dubai-lughawe**. Die groep vertrek saam om **10:50** met **EK 209** vir aankoms om **15:00** op die lughawe in **Athene.**

Hierdie antieke stad wat al in die 5e eeu v.C. 'n belangrike wêreldstad was, word beskou as die geboorteplek van die Westerse beskawing. Griekse geleerdes, filosowe, skrywers en digters se invloed was verreikend op alle gebiede van die antieke en moderne wêreld.

Ons word deur 'n Engelssprekende gids ingewag wat ons na ons hotel in die stadsentrum neem. Ons geniet aandete in die hotel.

Sa 18 ATHENE

Ná ontbyt onderneem ons 'n stadstoer van Griekeland se hoofstad en ook grootste stad.

Trek gerus vandag u stapskoene aan, want vir diegene wat makliker kan stap, is daar die keuse om die Akropolis-heuwel per trap te bestyg om o.a. die indrukwekkende amfiteater, die Parthenon en oorblyfsels van ander tempels te sien. Ons sien o.a. die *Syntagma Constitution Square* en die graf van die onbekende soldaat. 'n Groep soldate neem elke halfuur deel aan 'n gedissiplineerde, trotse seremonie waartydens die nodige respek aan onbekende, gestorwe soldate betoon word. Ons sien ook die parlementsgebou en die neoklassieke geboue (wat die akademie, die universiteit en die nasionale biblioteek van Athene insluit) langs *Venizelos Boulevard*. Die presidensiële paleis en Zappeion-paleis, met tipiese suilegang, is pragtig.

Onderweg na die Akropolis sien ons die tempel van Olimpiese Zeus, die Panatheense stadion (waar die eerste moderne Olimpiese Spele gehou is) en die poort van Hadrianus *(The Arch of Hadrian)*. Dié poort of boog is in die 2e eeu ter ere van die Romeinse keiser Hadrianus opgerig toe hy Athene besoek het.

Die tempel van Olimpiese Zeus, ook bekend as die olimpion, is oor verskeie eeue gebou – vanaf 174 v.C. totdat dit uiteindelik in 131 n.C. deur Hadrianus voltooi is. Die ongewone hoë kolomme en ambisieuse uitleg dra daartoe by dat dit een van die grootste tempels is wat in die antieke wêreld gebou is.

Die Akropolis van Athene word met reg die kroon van Griekse glorie genoem. Dit is die bekendste akropolis in die wêreld en is op 26 Maart 2007 amptelik as die vernaamste monument op die Europese lys van kultuurhistoriese monumente verklaar. Die Akropolis is op 'n afgeplatte rots geleë, 156 m bo seevlak en ongeveer 100 m bokant die laagste deel van die stad en beslaan 'n oppervlakte van ongeveer 3 hektaar. Dit staan ook bekend as 'n Kekropia, genoem na die legendariese slangman, Kekrops – die eerste Atheense koning. Die Akropolis is in 1987 deur UNESCO as wêrelderfenisgebied gelys. Dit is ook hier aan die een kant waar die Areopagus is waar Paulus o.a. getuig het.

Ons besoek ook die Akropolis-museum. Verskeie argitektoniese juwele is in hierdie drieverdieping museum te vind!

Ons geniet 'n ligte tipiese gereg by die Bairaktaris Taverne en ervaar egte Griekse gasvryheid.

Toerlede het vanmiddag vrye tyd in die stadsentrum van Athene. Diegene wat dit verkies, kan terugkeer hotel toe om te ontspan.

Ons geniet aandete met 'n sang- en dansvertoning in 'n gewilde Griekse taverne, die *Geros tou Moria* in Plaka.

So 19 ATHENE

Ons het 'n bietjie vrye tyd na ontbyt voordat ons die hotel verlaat en na die hawestad, Piraeus vertrek. Piraeus is die belangrikste hawe van **Athene** en een van die grootste passasiershawens in die wêreld.

Ons skeep vanmiddag in op ons boot, die **MS Musica** wat om **18:00** anker lig en deurnag na Santorini vaar.

Ma 20 SANTORINI

Vanoggend om **08:00** meer ons vas by die prentjiemooi Griekse eilandgroep **Santorini.** Die halfmaanvormige eilandgroep (daar is drie grotes) is die oorblyfsels van 'n ontsaglike vulkaniese uitbarsting wat sowat 3 500 jaar gelede op die destydse enkele eiland plaasgevind het.

Santorini is die suidelikste van die eilande en word as een van Griekeland se mooiste eilande beskou. Die spierwit dorpies teen die vulkaniese hange is 'n onvergeetlike gesig. Dit is ook een van Griekeland se beroemdste vakansie-oorde. In die hoogseisoen is daar daagliks sowat 60 000 besoekers! Toerisme is die hoofbron van inkomste. Inkopies is egter baie duur.

Baie besoekers kom na Santorini om die geheimenisse van die verlore stad van Atlantis te probeer ontrafel. Ander kom net om die pragtige uitsig oor die Middellandse See van die bergtoppe af te bewonder. Die poskaartprentjie van blou koepeldakke laat blywende harts-herinneringe.

Daar is 'n keuse van opsionele uitstappies wat deur die boot aangebied word. Dit sluit o.a. 'n busrit en staptog asook 'n *Mezes* (die proe van plaaslike versnaperinge en wyn) in. Die hoofdorp, Fira, is maklik per kabelspoor (of selfs op die rug van 'n donkie!) bereikbaar. U kan ook op u eie per motorboot en/of bus reis na die mees gefotografeerde voorstad, Oia.

Die boot vertrek om **18:00.**

Di 21 KUSADASI – EFESE (Kusadasi in Turkye)

Vanoggend om **08:00** meer ons vas by Kusadasi in Turkye. Dis ook bekend as die Voëleiland. Kusadasi is in eie reg 'n besoek werd, maar dis eintlik die talle geskiedkundige plekke naby die stad wat dit bekend maak.

Een so 'n plek is Efese, sowat 18 km van Kusadasi. Die stad het in een stadium 'n bevolking van sowat 250 000 gehad en was naas Rome die grootste stad van die Romeinse Ryk. Efese het by die mond van die Cayster-rivier gelê en was een van die grootste hawestede van die antieke tyd. Die stad lê uitgestrek oor die hange van twee heuwels, Coressus en Pion, met 'n vallei tussenin waar die antieke hawe was. Mettertyd het die hawe toegeslik. Die see is nou etlike kilometers verder. Die voorloper van ons moderne bankwese het waarskynlik in Efese ontstaan.

Van die sewe gemeentes van Openbaring het die stedelike bouvalle van Efese die beste bewaar gebly. Efese was 'n vooruitstrewende en belangrike stad aan die Egeïese kus van Klein-Asië.

Paulus het die stad tussen 55 en 58 n.C. besoek, waar hy in die sinagoges van groot Joodse gemeenskappe gepreek en twee dissipels gedoop het (Hand 19:23 – 34). Hy het hewige teenstand van die priesters ontvang en is in die tronk gegooi. Daar word geglo dat hy 'n deel van sy sendbriewe uit die tronk in Efese geskryf het.

Volgens oorlewering het Jesus se moeder, Maria, later na Efese getrek waar sy die res van haar lewe in Johannes se sorg gebly het (sien Joh 19:26 –27). Hier is twee belangrike geboue te sien – een ter herinnering aan Maria en die ander ter herinnering aan Johannes. Hy was ook 'n leraar hier.

Onder die talle besienswaardighede is die Tempel van Artemis wat aan Artemis, die godin van die jagters, opgedra was. Dit was een van die Sewe Wonders van die Antieke Wêreld. Ongelukkig is al wat van die tempel oorgebly het, die fondament van die gebou en een pilaar.

Om 18:00 moet almal aan boord wees aangesien die boot weer vertrek.

Wo 22 Ons vaar vandag heeldag. Daar is volop vermaak aan boord of 'n mens kan sommer net rustig op die dek ontspan.

Do 23 HAIFA

Een van die groot aantrekkingskragte van hierdie vaart toe dit vroeër vanjaar bespreek is, was die voldag in Haifa en die moontlikheid om Jerusalem te besoek.

Intussen het die oorlog uitgebreek en wag ons op MSC om uitsluitsel te gee oor die vasmeerplek op 23 Mei. Moontlik sal ons meer tyd in Ciprus of Mykonos deurbring.

Vr 24 LIMASOL (CIPRUS)

Limasol of Lemesos soos die Grieke dit uitspreek, is die tweede grootste stad op die eiland Ciprus en die mees Suidelike stad in Europa. Dit word beskou as en van die mooiste stede op die eiland.

Hoewel dit beskou word as 'n nuwe stad, dateer dit uit die einde van die Bisantyse tyd toe Richard I *(the Lion Heart)* in 1191 daar geland het.

In die hart van die ou stad is die Limasol kasteel wat in 1590 herbou is en vandag 'n Middeleeuse museum is. Die stadsplein bestaan uit talle restaurante en is 'n gewilde kuierplek. U kan ook gaan drentel langs ‘n lieflike see-promenade wat omsoom is met palmbome en waarvandaan ‘n pragtige uitsig oor die see en die strand geniet kan word.

Sa 25 MYKONOS

Vandag het ons geleentheid om 'n vinnige draai in **Mykonos** te maak. Die boot meer om **16:00** vas. Dit is hier waar Hercules volgens die mitologiese legende die reuse verslaan het. Dit vorm deel van die Cyclades-groep van klein eilandjies. Hoewel die stadjie minder as 15 000 permanente inwoners het, word dit jaarliks deur meer as 900 000 toeriste besoek!

U kan per bus ingaan na die stad om die vele winkeltjies en stalletjies te besoek. Beleef die atmosfeer van hierdie idilliese dorpie met sy doolhof van keisteenstrate, spierwit gekalkte huisies en bekende windmeulens of stap langs een van die vele strande met hul blou-groen helderskoon water.

Mykonos se bekendste inwoner is die pelikaan Petros. Hy het hom ná 'n storm in 1954 op die eiland gevestig en was meer as sestig jaar Mykonos se gelukbringer. Ná sy dood het 'n ander pelikaan sy plek ingeneem.

Mykonos is deesdae bekend as 'n uithangplek vir rykes en 'n gewilde plek vir jong mense wat wil partytjie hou. Die boot vertrek eers om middernag.

So 26 ATHENE

Die boot meer om **08:00** in Athene vas. Na 'n heerlike ontbyt, ontskeep ons en vertrek om **09:00** na die Plaka-deel van Athene, vir vrye tyd en laaste inkopies.

Ons reis tussen **13:00** en **14:00** per bus na die lughawe vir vlug **EK 210** wat om **18:05** na **Dubai** vertrek, waar dit om **23:35** land.

Ma 27 DUBAI – JOHANNESBURG

Vlug **EK 761** vertrek om **04:05** vanoggend na **Johannesburg** en Vlug **EK 772** vertrek om **03:50** na **Kaapstad.** Johannesburgers land om **10:15** en Kapenaars om **11:35** met die mooiste herinneringe aan 'n besondere toer.

LW: *Weens omstandighede buite ons beheer kan dit gebeur dat die toerprogram aangepas moet word.*